higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VOLHOUBARE TOERISME IN SA EN INTERNASIONALE REIS
NKR VLAK 4

(11011064)

20 November 2024 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 17 bladsye.

344Q1N2420

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
VOLHOUBARE TOERISME IN SA EN INTERNASIONALE REIS
NKR VLAK 4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Kies ’n term uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (1.1.1.–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Internasionale erfenisbeleid/wet	A	Robbeneiland
1.1.2	Om wette te maak of uit te vaardig	B	UNESCO-konvensie
1.1.3	Rolspeler in volhoubare erfenisontwikkeling	C	klimaat
1.1.4	Sluit in feeste, liedjies, kos, kleredrag, ens	D	WNEH (‘NHRA’)
1.1.5	Simboliseer die triomf van die menslike gees	E	belanghebber
1.1.6	Vestig provinsiale erfenishulpbron-agentskappe	F	beleide
1.1.7	Bewaar erfenis vir toekomstige geslagte	G	private sektor
1.1.8	Een van die stadiums in geleentheidsbestuursproses	H	kultuurerfenis
1.1.9	Riglyne en prosedures om besluite te rig	I	wetgewing
1.1.10	’n Persoon wat in iets belangstel of oor iets besorg is	J	gematigde klimaat
		K	opvoedingsagentskappe
		L	visiefase

(10 × 2) (20)

Kopiereg voorbehou

1.2 Identifiseer die beroemde besienswaardighede hier onder. Skryf slegs die naam van die besienswaardigheid langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1



1.2.2



1.2.3



1.2.4



1.2.5



1.2.6



1.2.7



1.2.8



1.2.9



1.2.10



(10 × 1) (10)

1.3 Definieer elk van die volgende terme:

1.3.1 Terugvoeringsverslag

1.3.2 Implementeringsfase

1.3.3 Midgeleentheid-evaluering (‘Mid-event evaluation’)

1.3.4 Spyseniering

1.3.5 Afgevaardigdes (‘Delegates’)

(5 × 2) (10)

1.4 Verwys na die wêreldkaart hier onder en beantwoord die vrae.



1.4.1 Identifiseer die breedteligging genommer 1−3. (3 × 2) (6)

1.4.2 Noem die lyn wat die aarde in die Westelike en Oostelike Halfrond verdeel. (2)

1.4.3 In watter halfrond is Noord-Amerika geleë? (2)

[50]

VRAAG 2

2.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.15) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1.1 Polio is 'n wêreldwye siekte.

2.1.2 Belasting op toegevoegde waarde is 14% in Suid-Afrika.

2.1.3 'n Poort ('gateway') is 'n punt waar jy 'n land binnekom of verlaat.

2.1.4 Een van die doelwitte van 'n geleentheid is om gesindhede te verander.

2.1.5 Die godsdienstige waarde van Robbeneiland is die Christenkerk wat op 'n geskiedkundige graf gebou is.

2.1.6 Die Indiese Oseaan is aan die weskus van Afrika geleë.

2.1.7 Vuurwerk is verbode goedere wat nie na Suid-Afrika ingevoer mag word nie.

2.1.8 GUT ('UTC') staan vir Gekoördineerde Universele Tyd.

2.1.9 'n Minderjarige is 'n jong persoon bo die ouderdom van 16.

2.1.10 Die belangrikste verantwoordelikheid van die toerismebedryf is om toerismeondernemings winsgewend te bedryf en te bestuur.

2.1.11 Die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne van 1999 bied beskerming vir kultuurerfenishulpbronne.

2.1.12 Kweekhuisgasse veroorsaak die afkoeling van die aarde se atmosfeer.

2.1.13 NER staan vir die Nasionale Erfenisraad.

2.1.14 Een manier om kliënttevredenheid te meet is deur middel van 'n vraelys.

2.1.15 Een van die administratiewe take wanneer 'n geleentheid beplan word, is om 'n program saam te stel.

(15 × 1) (15)

2.2 Verwys na die wêreldkaart hier onder en beantwoord die vrae.



2.2.1 Identifiseer die kontinente genommer 1−3. (3)

2.2.2 Noem TWEE lande in die kontinent wat as no. 3 genommer is. (2)

2.2.3 Gee EEN besienswaardigheid wat jy kan besoek in elk van die lande wat in VRAAG 2.2.2 genoem word. (2)

2.2.4 Identifiseer die gemeenskaplike geldeenheid wat gebruik word deur lande op die kontinent wat as no. 3 genommer is. (1)

2.2.5 Gee die oseaan aan die weskus van Suid-Amerika. (1)

2.2.6 Identifiseer die seë genommer 4−7. (4)

2.2.7 Identifiseer die eilande genommer 8−9. (2)

Kopiereg voorbehou

2.3 Lees die artikel hier onder en beantwoord die vrae:

ISRAELI-PALESTYNSE KONFLIK

Deur die
Sentrum vir Voorkomende Aksie, bygewerk 16 Oktober 2023



Die Israeli-Palestynse konflik dateer van die einde van die 19de eeu. In 1947 het die Verenigde Nasies Resolusie 181, bekend as die Skeidingsplan, aangeneem. Dit het ten doel gehad om die Britse Mandaat van Palestina in Arabiese en Joodse state te verdeel. Op 14 Mei 1948 het die Staat van Israel tot stand gekom, wat die eerste Arabies-Israeli Oorlog ontketen het. Vroeg in Oktober 2023 het oorlog tussen Israel en Hamas, die militante Islamitiese groep wat Gaza sedert 2006 beheer, uitgebreek. Hamas-soldate het vuurpyle na Israel afgevuur en suidelike Israeliese stede en dorpe oor die grens van die Gazastrook bestorm. Hulle het honderde soldate en burgerlikes doodgemaak en beseer en talle gyselaars gevange geneem.

Die aanval het Israel onverhoeds betrap, waarna die staat vinnig 'n dodelike vergeldingsoperasie van stapel gestuur het. Een dag ná die 7 Oktober-aanval het die Israeliese kabinet formeel oorlog teen Hamas verklaar, gevolg deur 'n direktief van die verdedigingsminister aan die Israeliese Verdedigingsmagte (IDF) om 'n 'volslae beleg' van Gaza uit te voer. Intussen raak voorrade water, brandstof en voedsel op te midde van 'n Israeliese hulpverleningsblokkade, en die konflik dreig om te versprei namate oorgrens-aanvalle in Libanon en Sirië eskaleer.

2.3.1 In watter land tref jy die stad Gaza aan? (2)

2.3.2 Bespreek die uitwerking wat die oorlog tussen Israel en Palestina op streekstoerisme het. (4 × 2) (8)

2.4 Lees die artikel hier onder en beantwoord die vrae:

AUSTRALIË DOMINEER STEEDS DIE NETBALWÊRELD

06 Augustus 2023, 21:36

Deur: Liryn de Jager



Die eerste Netbalwêreldbeker in Afrika het tot 'n einde gekom in Kaapstad, met Australië wat as die kampioen by die Netbalwêreldbeker 2023 gekroon is.

Die Diamante sal hul 12de titel in 2027 op eie bodem by die toernooi in Sydney verdedig. Dit sal die derde keer wees wat dié stad die geleentheid aanbied. Dit sal ook Netbal Australië se honderdjarige feesviering wees.

Met vuurwerke op die agtergrond het President Cyril Rampahosa die trofee aan die Australiese kaptein, Liz Watson, oorhandig. In 'n kort boodskap het hy gesê hy is ook nou 'n netbalondersteuner en daartoe verbind om 'n netbalarena te bou om te help om die sport in Suid-Afrika te bevorder.

2.4.1 In watter land het die 2023 Netbalwêreldbeker plaasgevind? (1)

2.4.2 Hoe dink jy het die geleentheidsbeplanners hierdie geleentheid geadverteer? (4)

2.4.3 Noem enige TWEE steundienste aan wat tot die sukses van hierdie geleentheid kan bydra. (2 × 2) (4)

2.4.4 Watter land het die Netbalwêreldbeker 2023 gewen? (1)

[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1 Kies die korrekte term uit dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1.1 Italië is in (Europa/Afrika) geleë.

3.1.2 Die hoofstad van Mauritius is (Kingston/Port Louis).

3.1.3 Die Amasonereënwoud is in (Japan/Brasilië) geleë.

3.1.4 Die taal wat oorwegend in Chile, Suid-Amerika, gepraat word, is (Arabies/Spaans).

3.1.5 'n (Tropiese/Gematigde) klimaat beleef warm en humiede weerstoestande.

(5 × 2) (10)

3.2 Identifiseer die volgende kaartsimbole:

3.2.1 

(2)

3.2.2 

(2)

3.2.3 

(2)

3.2.4 

(2)

3.2.5 

(2)

3.3 Lees die artikel hier onder en beantwoord die vrae wat volg.

In die proses om ons Suid-Afrikaanse erfenis te bewaar, speel verskillende belanghebbendes verskillende rolle.

Jaarliks op 24 September vier Suid-Afrikaners Erfenisdag. Hierdie spesiale dag fokus op Suid-Afrika se diverse kultuur- en natuurlike erfenis. In 2017 het die Nasionale Museum 'n spesiale erfenisgeleentheid by die Boikhuco-ouetehuis in Bochabela aangebied. Die geleentheid wat deur Derek du Bruyn, Khotso Pudumo en Amy Goitsemodimo aangebied is, het op 'n belangrike aspek van Afrikane se ontasbare erfenis gefokus, naamlik storievertelling. Dit was daarop gerig om bejaardes 'n geleentheid te gee om tradisionele kulturele stories met leerders te deel.

Die Nasionale Museum gee om vir die bewaring van tradisionele Afrikastories en om die kuns van storievertelling lewend te hou. Ongeveer 10 bejaardes van Boikhuco is versoek om 'n tradisionele storie van hul keuse te vertel. Pryse is vir die drie beste stories toegeken. Altesame 120 Graad 6-leerders van twee skole in die gebied, naamlik Laerskool Legae en Laerskool Morafe, is uitgenooi om dit by te woon. Die leerders is versoek om hul gunsteling tradisionele stories met die gehoor te deel. Pryse is toegeken aan die drie leerders wat die inspirerendste stories vertel het. Tussendeur is gaste vermaak met sang- en dansitems deur leerders van beide skole. Daarna is al die gaste getrakteer op 'n tradisionele maaltyd en die leerders het elkeen 'n peuselpakkie ontvang.

[Vertaal uit: *https://nationalmuseumpublications.co.za*]

Evalueer die bostaande scenario volgens die volgende sleutelrolle:

3.3.1 Bewaring (3)

3.3.1 Interpretasie (3)

3.3.1 Kommunikasie (3)

3.4 Lees die artikel hier onder en beantwoord die vrae wat volg.



Wanneer droogte water- en voedseltekorte veroorsaak, kan dit die geaffekteerde bevolking se gesondheid op verskeie maniere raak, wat die risiko van siekte en dood verhoog. Droogte kan akute en chroniese gesondheidstoestande tot gevolg hê, insluitend:

- wanvoeding weens die verlaagde beskikbaarheid van voedsel, insluitend mikronutriënttekort, soos ystertekort-anemie.
- verhoogde risiko van aansteeklike siektes, soos cholera, diarree en longontsteking weens akute wanvoeding, gebrek aan water en sanitasie, en verskuiwing;
- psigososiale stres en geestesgesondheidkwale;
- ontwrigting van plaaslike gesondheidsdienste weens 'n gebrek aan watervoorraad, verlies van koopkrag, migrasie en/of gesondheidswerkers wat gedwing word om plaaslike gebiede te verlaat.

Ernstige droogte kan ook luggehalte weens veldbrande en stofstorms verhoog. Dit verhoog ook die gesondheidsrisiko onder mense wat reeds deur longsiektes soos asma, chroniese obstruktiewe pulmonêre siekte (COPS) of hartsiekte geraak word.

3.4.1 Watter tipe klimaatstoestand word in die bostaande artikel uitgebeeld? (2)

3.4.2 Voorspel VYF negatiewe gevolge wat hierdie tipe klimaatstoestand na jou mening vir 'n toerismebestemming kan inhou. (5 × 2) (10)

3.4.3 Noem DRIE aansteeklike siektes wat die gesondheid van plaaslike inwoners en toeriste kan beïnvloed. (3)

3.5 Verduidelik die waarde van die Voortrekkermonument onder die volgende opskrifte:



Die Voortrekkermonument

3.5.1 Geskiedkundig (2)

3.5.2 Simbolies (2)

3.5.3 Omgewing (2)
[50]

VRAAG 4

4.1 Lees die artikel hier onder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

'n Hoogs suksesvolle Afrika Reis-indaba 2024 genereer meer as R500m vir die ekonomie van die stad Durban

"Die ekonomiese aktiwiteite wat gesneller word deur die Afrika Reis-indaba ─ van geleentheidsinfrastruktuur tot akkommodasieondernemings, restaurante en pendeldienste ─ het ons aanvanklike konserwatiewe vooruitskattings ver oortref. Die direkte ekonomiese impak op die stad was R226 miljoen, met 'n oorloopeffek wat 'n bykomende R333 miljoen bygedra het. Die algehele bydrae tot die stad se BBP het R500 miljoen oorskry, wat dui op belangrike ekonomiese voordele en meer as 1 000 poste wat geskep is, veral vir die jeug," het Winile Mntungwa, adjunkhoof van Durban Toerisme, gesê.

Mntungwa het bygevoeg dat die ekonomiese rimpeleffek tot buite die stadskern gestrek het, aangesien dit tot voordeel was van township- en plattelandse toerisme- en gasvryheidsondernemings, soos die Silokazis and Octavia Boetiekhotel in Inanda, en Max's Lifestyle in die hartjie van uMlazi, die kusoord in Umgababa wat die afgevaardigdes gehuisves het.

[Vertaal uit: *SA Tourism*]

4.1.1 Identifiseer die tipe geleentheid wat in die bostaande artikel genoem word. (1)

4.1.2 Wei uit oor VIER doelwitte van hierdie geleentheid. (4 × 1) (4)

4.1.3 Evalueer die sukses van hierdie geleentheid. (4 × 1) (4)

4.2 Verduidelik kortliks elk van die volgende terme:

4.2.1 Aansluitingsvlug (2)

4.2.2 Direkte vlug (2)

4.2.3 Internasionale reg (2)

4.2.4 Gemeenskapgebaseerde toerisme (2)

4.3 Onderskei tussen die *bewaring* en *interpretasie* van erfenis. Gee voorbeelde om jou antwoord te staaf. (8)

4.4



4.4.1 Definieer die term *vlugvoosheid* (*'jet lag'*). (2)

4.4.2 Gee VIER wenke wat reisigers kan volg om vlugvoosheid te voorkom of te verminder. (4 × 2) (8)

4.4.3 Lig reisigers in oor DRIE simptome van vlugvoosheid. (3 × 2) (6)

4.5 Bespreek elk van die volgende erfenisbeleide:

4.5.1 Die Erfenistransformasiehandves van 2007 (5)

4.5.2 Wet op Nasionale Erfenisraad van 1999 (4)

[50]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou